# Ragab volg instruksies

## JOSUA HOOFSTUK 2 EN 6

Kies aktiwiteite na gelang van jou kind se behoeftes en belangstellings.
Bespreek die aktiwiteite as 'n gesin.





## LEES JOSUA HOOFSTUK 2 EN 6

Lees dan die Bybelse prenteverhaal (aanlyn of van 'n gedrukte PDF) en bespreek die vrae aan die einde van die verhaal.


**PROBEER DIE VOLGENDE:** Luister na die Engelse klankdrama van hierdie verhaal met die titel *Jehovah Delivers Those Calling Upon His Name.* Bespreek dan hierdie vrae as 'n gesin: (1) Waarom het Jehovah Ragab en die Gibeoniete gered al was hulle nie Israeliete nie? (2) Wat leer dit jou oor Jehovah? (Lees Psalm 34:15; Handelinge 10:34, 35). Laai hierdie drama af by www.jw.org. Kyk onder PUBLICATIONS > DRAMAS.

## NOG AKTIWITEITE OM TE DRUK




### PRET MET PRENTE

**LEER OM TE TEKEN** Help jou kind om Ragab te teken deur die voorbeeld en blokkies te gebruik. Laat jou kind dan die tekening inkleur.




### STUDIE-AKTIWITEIT

**BYPASSENDE KAARTE** Laat jou kind eers die kaarte uitknip en dan die leidrade en tekste gebruik om elke karakterkaart by 'n voorwerpkaart te pas.




### VERSAMEL EN LEER

**BYBELKARAKTERKAART** Lees die profiel saam met jou kind. Vra die vrae op die kaart. Gebruik as 'n gesin hierdie kaart en die ander kaarte beskikbaar op jw.org/af om uit te vind wie die volgende twee Bybelkarakters is, benewens Ragab, wat Jehovah eers nie gedien het nie, maar hom later begin dien het: (1) 'n Sendeling wat voorheen Christene vervolg het en (2) 'n Moabitiese vrou wat 'n voorouer van Jesus Christus geword het.—Rut 1:22; Matteus 1:5, 16; Handelinge 21:40–22:16.

www.jw.org/af © 2014 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania